Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**Prys 20c Price**
**Oorsee 30c Overseas**
**POSVRY—POST FREE**

VOL. 141] KAAPSTAD, 23 MAART 1977 / CAPE TOWN, 23 MARCH 1977 [No. 5463

DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER

No. 444. 23 Maart 1977.

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 26 van 1977: Wysigingswet op die Pensioenwette, 1977.

DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER

No. 444. 23 March 1977.

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 26 of 1977: Pension Laws Amendment Act, 1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# ACT

**To amend the Military Pensions Act, 1976, so as further to define "parent"; to provide for the payment of additional benefits to and in respect of persons suffering from a pensionable disability; to further regulate the payment of pensions; to provide for certain medical treatment at the expense of the State; and to further regulate appeals in terms of the said Act; to amend the Government Service Pension Act, 1973, so as to further regulate deductions from benefits payable under that Act; to make certain provision as to the payment of benefits in terms of pension laws; and to regulate the continuation of pension rights of persons leaving the service of the Armaments Board; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 16 March 1977.)*

BE IT ENACTED by the State President, the Senate and the House of Assembly of the Republic of South Africa, as follows:—

Amendment of section 1 of Act 84 of 1976.

Repealed Act 29/1979.

**1.** Section 1 of the Military Pensions Act, 1976 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "parent" of the following definition:

"'parent', in relation to a member, means his lawful parent who, in the opinion of the Secretary was immediately prior to the member's death dependent mainly on such member for his maintenance and includes any person who in the opinion of the Secretary is or was his foster parent and was immediately prior to the member's death dependent mainly on such member for his maintenance;".

Amendment of section 3 of Act 84 of 1976.

**2.** Section 3 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(a)* pay pensions, gratuities or allowances to members who suffer from a pensionable disability;"; and

*(b)* by the insertion after paragraph *(d)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(d*A*)* defray funeral expenses in the case of members who die as a result of a pensionable disability or while undergoing treatment in respect of such a disability in terms of this Act;".

Amendment of section 4 of Act 84 of 1976.

**3.** Section 4 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs *(c)* and *(d)*, of the following paragraphs, respectively:

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# WET

**Tot wysiging van die Wet op Militêre Pensioene, 1976, ten einde ,,ouer'' nader te omskryf; voorsiening te maak vir die betaling van bykomende voordele aan en ten opsigte van persone wat aan 'n pensioengewende ongeskiktheid ly; die betaling van pensioene verder te reël; voorsiening te maak vir sekere geneeskundige behandeling op koste van die Staat; en appèlle ingevolge genoemde Wet verder te reël; tot wysiging van die Regeringsdienspensioenwet, 1973, ten einde aftrekkings van voordele kragtens daardie Wet betaalbaar, verder te reël; om sekere voorsiening te maak aangaande die betaling van voordele ingevolge pensioenwette; en om die in stand hou van pensioenregte van persone wat die diens van die Krygstuigraad verlaat, te reël; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 16 Maart 1977.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident, die Senaat en die Volksraad van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**1.** Artikel 1 van die Wet op Militêre Pensioene, 1976 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van ,,ouer'' deur die volgende omskrywing te vervang: Wysiging van artikel 1 van Wet 84 van 1976.

,,'ouer', met betrekking tot 'n lid, sy wettige ouer wat volgens die oordeel van die Sekretaris onmiddellik voor die lid se afsterwe vir sy onderhoud hoofsaaklik van die lid afhanklik was en ook iemand wat volgens die oordeel van die Sekretaris sy pleegouer is of was en onmiddellik voor die lid se afsterwe vir sy onderhoud hoofsaaklik van die lid afhanklik was;''.

**2.** Artikel 3 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 3 van Wet 84 van 1976.

*(a)* deur paragraaf *(a)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

,,*(a)* aan lede wat aan 'n pensioengewende ongeskiktheid ly pensioene, gratifikasies of toelaes betaal;''; en

*(b)* deur na paragraaf *(d)* van subartikel (1) die volgende paragraaf in te voeg:

,,*(d*A*)* begrafnisonkoste bestry in die geval van lede wat as gevolg van 'n pensioengewende ongeskiktheid of terwyl hulle behandeling ten opsigte van so 'n ongeskiktheid ingevolge hierdie Wet ondergaan, te sterwe kom;''.

**3.** Artikel 4 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe *(c)* en *(d)* deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang: Wysiging van artikel 4 van Wet 84 van 1976.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"(c) the widow of a deceased member who, immediately prior to his death, was in receipt of a pension in terms of paragraph *(b)*, shall be entitled to such pension with effect from the first day of the month following immediately on the month in which the member died, and such pension shall with effect from the said date be supplemented—

(i) in the case of a widow of a deceased member who has died as a result of his pensionable disability, by an amount which shall be equal to half of the amount of the annual pension to which he would have been entitled in terms of paragraph *(a)* if the degree of his pensionable disability had been determined at one hundred per cent; and

(ii) in the case of a widow of a deceased member who has died of a cause other than his pensionable disability, by an amount which shall be equal to half of the amount of the annual pension which was payable to the member in terms of paragraph *(a)* immediately prior to his death;

*(d)* the widow of a deceased member who, on the date of his death, was not in receipt of a pension in terms of paragraph *(b)*, shall be entitled to the pension to which the member would have been entitled in terms of that paragraph if he had not died, and the latter pension shall be supplemented—

(i) in the case of a widow of a deceased member who has died as a result of his pensionable disability, by an amount which shall be equal to half of the amount of the annual pension to which he would have been entitled in terms of paragraph *(a)* if the degree of his pensionable disability had been determined at one hundred per cent; and

(ii) in the case of a widow of a deceased member who has died of a cause other than his pensionable disability, by an amount which shall be equal to half of the amount of the annual pension which was payable to the member in terms of paragraph *(a)* immediately prior to his death or to which he would have been entitled in terms of that paragraph if he had not died;".

Repealed Act 29/1979

Amendment of section 8 of Act 84 of 1976.

**4.** Section 8 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(8) If any person who was in receipt of a benefit and bonus referred to in subsection (1), died prior to the fixed date leaving a widow or child who would have been entitled to a benefit and bonus in terms of any law mentioned in that subsection, had such law not been repealed by this Act, such first-mentioned benefit and bonus shall be consolidated in one amount and such consolidated amount shall be deemed to be a consolidated pension, and such person shall for the purposes of subsection (3) or (4) be deemed to have died on or after the fixed date.".

Amendment of section 10 of Act 84 of 1976.

**5.** Section 10 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraphs *(a)* and *(b)* of subsection (2) of the following paragraphs, respectively:

"*(a)* in the case of a member referred to in section 4 *(a)*, with effect from a date prior to the first day of the month during which the period of service of the member in which his pensionable disability manifested itself, was completed;

*(b)* in the case of a widow referred to in section 4 *(d)*, prior to the first day of the month in which the member concerned died;".

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



„(c) is die weduwee van 'n afgestorwe lid wat onmiddellik voor sy afsterwe 'n pensioen ingevolge paragraaf *(b)* ontvang het, geregtig op sodanige pensioen met ingang van die eerste dag van die maand wat onmiddellik volg op die maand waarin die lid gesterf het, en word sodanige pensioen met ingang van bedoelde datum aangevul—
(i) in die geval van die weduwee van 'n afgestorwe lid wat weens sy pensioengewende ongeskiktheid gesterf het, met 'n bedrag wat gelykstaan met die helfte van die bedrag van die jaarlikse pensioen waarop hy ingevolge paragraaf *(a)* geregtig sou gewees het indien die mate van sy pensioengewende ongeskiktheid op honderd persent vasgestel was; en
(ii) in die geval van die weduwee van 'n afgestorwe lid wat weens 'n ander oorsaak as sy pensioengewende ongeskiktheid gesterf het, met 'n bedrag wat gelykstaan met die helfte van die bedrag van die jaarlikse pensioen wat onmiddellik voor sy dood ingevolge paragraaf *(a)* aan die lid betaalbaar was;
*(d)* is die weduwee van 'n afgestorwe lid wat op die datum van sy dood nie 'n pensioen ingevolge paragraaf *(b)* ontvang het nie, geregtig op die pensioen waarop die lid ingevolge daardie paragraaf geregtig sou gewees het as hy nie gesterf het nie, en word laasgenoemde pensioen aangevul—
(i) in die geval van die weduwee van 'n afgestorwe lid wat weens sy pensioengewende ongeskiktheid gesterf het, met 'n bedrag wat gelykstaan met die helfte van die bedrag van die jaarlikse pensioen waarop hy ingevolge paragraaf *(a)* geregtig sou gewees het indien die mate van sy pensioengewende ongeskiktheid op honderd persent vasgestel was; en
(ii) in die geval van die weduwee van 'n afgestorwe lid wat weens 'n ander oorsaak as sy pensioengewende ongeskiktheid gesterf het, met 'n bedrag wat gelykstaan met die helfte van die bedrag van die jaarlikse pensioen wat onmiddellik voor sy dood ingevolge paragraaf *(a)* aan die lid betaalbaar was of waarop hy ingevolge daardie paragraaf geregtig sou gewees het as hy nie gesterf het nie;".

Wysiging van artikel 8 van Wet 84 van 1976.

**4.** Artikel 8 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:
„(8) Indien iemand wat 'n voordeel en bonus in subartikel (1) bedoel, ontvang het, voor die vasgestelde datum gesterf het en 'n weduwee of kind nagelaat het wat op 'n voordeel en bonus ingevolge enige wet in daardie subartikel vermeld, geregtig sou gewees het as dié wet nie by hierdie Wet herroep was nie, word sodanige eersgenoemde voordeel en bonus in een bedrag gekonsolideer en word bedoelde gekonsolideerde bedrag geag 'n gekonsolideerde pensioen te wees, en word so iemand vir die doeleindes van subartikel (3) of (4) geag op of na die vasgestelde datum te gesterf het.".

Wysiging van artikel 10 van Wet 84 van 1976.

**5.** Artikel 10 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragrawe *(a)* en *(b)* van subartikel (2) deur onderskeidelik die volgende paragrawe te vervang:
„*(a)* in die geval van 'n lid in artikel 4 *(a)* bedoel, met ingang van 'n datum voor die eerste dag van die maand waarin die dienstydperk waartydens die lid se pensioengewende ongeskiktheid verskyn, voltooi is;
*(b)* in die geval van 'n weduwee in artikel 4 *(d)* bedoel, voor die eerste dag van die maand waarin die betrokke lid gesterf het;".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



Amendment of section 12 of Act 84 of 1976.

**6.** Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(d)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(d)* in the case of a child of a member, up to and including the last day of the month in which the provisions of paragraphs *(a)* and *(d)* of the definition of 'child' no longer apply to him;".

Amendment of section 13 of Act 84 of 1976.

Repealed Act 29/1979

**7.** Section 13 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) If the Secretary, after consultation with a medical pensions officer, is of the opinion that it is necessary or desirable that a member—

*(a)* undergo medical treatment for his pensionable disability;

*(b)* be admitted to a hospital or other institution in order to—

(i) undergo a medical or psychological examination for the purpose of determining the degree of his pensionable disability for the purposes of this Act;

(ii) undergo psychiatric or medical treatment for his pensionable disability;

(iii) receive any training whereby he may possibly benefit, in the opinion of the Secretary,

the Secretary may—

*(aa)* authorize that the member undergo at the expense of the State the medical treatment referred to in paragraph *(a)*;

*(bb)* direct that the member be examined as contemplated in paragraph *(b)* (i) and authorize that the member be admitted at the expense of the State to a hospital or other institution for the purposes of paragraph *(b)* (i), (ii) or (iii).".

*(b)* by the substitution in subsection (3) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(3) If any member, after being directed thereto in terms of subsection (1) *(b)* (i), refuses to submit to an examination in terms of that subsection, the Secretary may direct that—"; and

*(c)* by the addition of the following subsection:

"(4) For the purposes of this section 'member' includes a volunteer as defined in section 1 of the War Pensions Act, 1967 (Act No. 82 of 1967).".

Amendment of section 14 of Act 84 of 1976.

**8.** Section 14 of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) An appeal in terms of subsection (1) shall be noted in writing, furnish the complete grounds of appeal, be accompanied by such documents as the appellant desires to submit and shall be lodged with the Secretary for submission to the medical appeal board or the appeal tribunal, as the case may be, within a period of three months after the appellant has been notified of the decision concerned: Provided that such period may on good cause shown be extended by the appeal tribunal or by the medical appeal board to which the appeal has been noted.".

Amendment of section 19 of Act 84 of 1976.

**9.** Section 19 of the principal Act is hereby amended by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1) thereof:

"(2) On the death of any person in receipt of any pension or consolidated pension in terms of this Act, the Secretary may in his discretion pay the whole or part of the unpaid

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**6.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(d)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang: Wysiging van artikel 12 van Wet 84 van 1976.

„*(d)* in die geval van 'n kind van 'n lid, tot en met die laaste dag van die maand waarin die bepalings van paragrawe *(a)* en *(d)* van die omskrywing van ,kind' nie meer op hom van toepassing is nie;".

**7.** Artikel 13 van die Hoofwet word hierby gewysig— Wysiging van artikel 13 van Wet 84 van 1976.

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

„(1) Indien die Sekretaris na oorlegpleging met 'n mediese pensioenbeampte van oordeel is dat dit nodig of wenslik is dat 'n lid—

*(a)* geneeskundige behandeling vir sy pensioengewende ongeskiktheid ondergaan;

*(b)* in 'n hospitaal of ander inrigting opgeneem word ten einde—

(i) 'n geneeskundige of psigologiese ondersoek te ondergaan met die doel om die mate van sy pensioengewende ongeskiktheid vir die doeleindes van hierdie Wet te bepaal;

(ii) psigiatriese of geneeskundige behandeling vir sy pensioengewende ongeskiktheid te ondergaan;

(iii) opleiding waarby hy volgens die oordeel van die Sekretaris moontlik baat kan vind, te ontvang,

kan die Sekretaris—

*(aa)* die ondergaan deur die lid van die geneeskundige behandeling in paragraaf *(a)* bedoel, op koste van die Staat magtig;

*(bb)* gelas dat die lid soos in paragraaf *(b)* (i) beoog, ondersoek word en kan hy die opname van die lid in 'n hospitaal of ander inrigting op koste van die Staat, vir die doeleindes van paragraaf *(b)* (i), (ii) of (iii), magtig.".

*(b)* deur in subartikel (3) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„(3) Indien 'n lid, nadat hy ingevolge subartikel (1) *(b)* (i) daartoe gelas is, weier om hom aan 'n ondersoek ingevolge daardie subartikel te onderwerp, kan die Sekretaris gelas dat—"; en

*(c)* deur die volgende subartikel by te voeg:

„(4) By die toepassing van hierdie artikel beteken ,lid' ook 'n vrywilliger soos omskryf in artikel 1 van die Oorlogspensioenwet, 1967 (Wet No. 82 van 1967).".

**8.** Artikel 14 van die Hoofwet word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang: Wysiging van artikel 14 van Wet 84 van 1976.

„(2) 'n Appèl ingevolge subartikel (1) moet skriftelik aangeteken word, die volledige gronde waarop geappelleer word, verstrek, vergesel wees van die stukke wat die appellant wil voorlê, en moet binne 'n tydperk van drie maande nadat die appellant van die betrokke beslissing in kennis gestel is by die Sekretaris vir voorlegging aan 'n mediese appèlraad of die appèltribunaal, na gelang van die geval, ingedien word: Met dien verstande dat sodanige tydperk by bewys van gegronde rede deur die appèltribunaal of deur die mediese appèlraad by wie die appèl aangeteken is, verleng kan word.".

**9.** Artikel 19 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) daarvan word: Wysiging van artikel 19 van Wet 84 van 1976.

„(2) By die dood van iemand wat 'n pensioen of gekonsolideerde pensioen ingevolge hierdie Wet ontvang, kan die Sekretaris na goeddunke die onbetaalde saldo van so

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



balance of any such accrued pension or consolidated pension to any person who, in the opinion of the Secretary, has incurred expenditure in respect of the maintenance, care or funeral of such deceased, and such unpaid balance or part thereof shall not form part of the estate of the deceased.".

Amendment of section 21 of Act 84 of 1976.

**10.** Section 21 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"(2) The provisions of this Act and any notice issued thereunder shall apply *mutatis mutandis* to or in respect of any person—".

Amendment of section 23 of Act 84 of 1976.

**11.** Section 23 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion of the following paragraph after paragraph *(e)*:

"*(e*A*)* the payment of subsistence, transport and other allowances to persons in respect of their attendance for the purposes of any medical or psychological examination or any treatment or training in terms of this Act, and to their attendants;"; and

*(b)* by the addition of the following subsection, the existing section becoming subsection (1) thereof:

"(2) Different regulations may be made under subsection (1) in respect of different population groups or categories of persons.".

Repealed Act 29/1979

Amendment of section 9 of Act 57 of 1973.

**12.** Section 9 of the Government Service Pension Act, 1973 (Act No. 57 of 1973), is hereby amended by the substitution for paragraph *(a)* of subsection (3) of the following paragraph:

"*(a)* any amount which is payable to the Government, an administration or the Fund by a person in the employ of the Government or an administration on the date of his retirement or discharge, or which the Government or an administration is liable to pay in respect of such a person;".

Payment of benefits.

**13.** (1) Notwithstanding anything to the contrary in any law contained, a benefit payable in terms of a pension law shall be paid to the person entitled to the benefit within a period of sixty days after the due date.

(2) For the purposes of this section—

*(a)* "pension law" means any law relating to a pension fund administered by or under the control of the Minister of Social Welfare and Pensions, and includes any regulation made under any such law;

*(b)* "due date" means the date on which the Secretary for Social Welfare and Pensions receives a duly completed statement in a form which he may determine for the purposes of this section or, if he receives such a statement before the date on which a benefit is payable to the person concerned in terms of a pension law, the date on which such benefit is so payable.

(3) This section shall be deemed to have come into operation on 1 April 1974.

Continuation of pension rights and obligations of and relating to certain employees of the Armaments Board.

**14.** (1) If any person who immediately before the commencement of this section was a contributor to a pension fund, becomes in terms of section 4A*bis* (1) of the Armaments Development and Production Act, 1968 (Act No. 57 of 1968), an employee of the corporation established by section 2 of the last-mentioned Act—

*(a)* such person shall be deemed to remain, without a break in his service, a member of the pension fund of which he so was a member and the provisions of any law relating to such pension fund shall continue to apply in respect of him as long as he so remains a member of such pension fund;

*(b)* such person shall, notwithstanding anything to the contrary in any law contained, not be entitled to the

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



'n opgelope pensioen of gekonsolideerde pensioen of 'n deel daarvan betaal aan iemand wat volgens die oordeel van die Sekretaris uitgawe aangegaan het ten opsigte van bedoelde oorledene se onderhoud, versorging of begrafnis, en maak sodanige onbetaalde saldo of deel daarvan nie deel van die boedel van die oorledene uit nie.".

Wysiging van artikel 21 van Wet 84 van 1976.

**10.** Artikel 21 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

„(2) Die bepalings van hierdie Wet en enige kennisgewing daarkragtens uitgereik, is *mutatis mutandis* van toepassing op of ten opsigte van iemand—".

Wysiging van artikel 23 van Wet 84 van 1976.

**11.** Artikel 23 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die volgende paragraaf na paragraaf *(e)* in te voeg:

„*(eA)* die betaling van reis-, verblyf- en ander toelaes aan persone ten opsigte van hul aanwesigheid vir die doeleindes van 'n geneeskundige of psigologiese ondersoek of enige behandeling of opleiding ingevolge hierdie Wet, en aan hulle oppassers;"; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg, terwyl die bestaande artikel subartikel (1) daarvan word:

„(2) Verskillende regulasies kan kragtens subartikel (1) ten opsigte van verskillende bevolkingsgroepe of kategorieë persone uitgevaardig word.".

Wysiging van artikel 9 van Wet 57 van 1973.

**12.** Artikel 9 van die Regeringsdienspensioenwet, 1973 (Wet No. 57 van 1973), word hierby gewysig deur paragraaf *(a)* van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

„*(a)* 'n bedrag wat deur iemand in diens van die Regering of van 'n administrasie aan die Regering, 'n administrasie of die Fonds betaalbaar is op die datum van sy uitdienstreding of ontslag, of wat die Regering of 'n administrasie ten opsigte van so iemand moet betaal;".

Betaling van voordele.

**13.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings, word 'n voordeel wat ingevolge 'n pensioenwet betaalbaar is, binne 'n tydperk van sestig dae na die vervaldatum aan die persoon wat op die voordeel geregtig is, betaal.

(2) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

*(a)* „pensioenwet" 'n wet met betrekking tot 'n pensioenfonds wat deur of onder die beheer van die Minister van Volkswelsyn en Pensioene uitgevoer word, en ook 'n regulasie kragtens so 'n wet uitgevaardig;

*(b)* „vervaldatum" die datum waarop die Sekretaris van Volkswelsyn en Pensioene 'n behoorlik voltooide staat, in die vorm wat hy vir die doeleindes van hierdie artikel bepaal, ontvang, of, indien hy sodanige staat ontvang voor die datum waarop 'n voordeel ingevolge 'n pensioenwet aan die betrokke persoon betaalbaar is, die datum waarop sodanige voordeel aldus betaalbaar is.

(3) Hierdie artikel word geag op 1 April 1974 in werking te getree het.

Instandhouding van pensioenregte en verpligtinge van en met betrekking tot sekere werknemers van die Krygstuigraad.

**14.** (1) Indien 'n persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie artikel 'n bydraer tot 'n pensioenfonds was en ingevolge artikel 4A*bis* (1) van die Wet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1968 (Wet No. 57 van 1968), 'n werknemer van die korporasie ingestel by artikel 2 van laasgenoemde Wet, word—

*(a)* word sodanige persoon geag sonder enige onderbreking in sy diens 'n lid van die pensioenfonds waarvan hy aldus 'n lid was, te bly en bly die bepalings van enige wet met betrekking tot bedoelde pensioenfonds ten opsigte van hom van toepassing solank hy aldus 'n lid van bedoelde pensioenfonds bly;

*(b)* is sodanige persoon, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, nie geregtig op die betaling

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



payment of any benefit from such fund or otherwise by virtue of the termination of his service in terms of the said section 4A*bis* (1);

*(c)* such corporation shall, in relation to such person, with effect from the date of such commencement be subject to the provisions referred to in paragraph *(a)* to which the Armaments Board would have been subject if the Armaments Development and Production Amendment Act, 1977, had not been passed and such person had remained in the service of the Armaments Board.

(2) For the purposes of this section—

*(a)* "Armaments Board" means the Armaments Board established by section 2 of the Armaments Act, 1964 (Act No. 87 of 1964);

*(b)* "pension fund" means a pension or provident fund or scheme established by or under a pension law;

*(c)* "pension law" means any law relating to a pension fund administered by or under the control of the Minister of Social Welfare and Pensions, and includes any regulation made under any such law.

(3) This section shall come into operation on the date on which the Armaments Development and Production Amendment Act, 1977, comes into operation.

Repealed Act 29/1979

Commencement of certain provisions.

**15.** (1) The provisions of sections 1 to 11 shall be deemed to have come into operation on 30 June 1976.

(2) Goverment Notice No. R.1801 of 1 October 1976 shall be deemed to have come into operation on 30 June 1976.

Short title.

**16.** This Act shall be called the Fension Laws Amendment Act, 1977.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



van enige voordeel uit bedoelde pensioenfonds of andersins uit hoofde van die beëindiging van sy diens ingevolge die voormelde artikel 4A*bis* (1) nie;

*(c)* is bedoelde korporasie, met betrekking tot sodanige persoon, met ingang van die datum van sodanige inwerkingtreding, onderworpe aan die bepalings in paragraaf *(a)* bedoel waaraan die Krygstuigraad onderworpe sou gewees het indien die Wysigingswet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1977, nie aangeneem was nie en sodanige persoon in diens van die Krygstuigraad gebly het.

(2) By die toepassing van hierdie artikel, beteken—

*(a)* „Krygstuigraad" die Krygstuigraad by artikel 2 van die Krygsuigwet, 1964 (Wet No. 87 van 1964) ingestel;

*(b)* „pensioenfonds" 'n pensioen- of voorsorgfonds of -skema by of kragtens 'n pensioenwet ingestel;

*(c)* „pensioenwet" 'n wet met betrekking tot 'n pensioenfonds wat deur of onder die beheer van die Minister van Volkswelsyn en Pensioene uitgevoer word, en ook 'n regulasie kragtens so 'n wet uitgevaardig.

(3) Hierdie artikel tree in werking op die datum waarop die Wysigingswet op Krygstuigontwikkeling en -vervaardiging, 1977, in werking tree.

**15.** (1) Die bepalings van artikels 1 tot 11 word geag op 30 Junie 1976 in werking te getree het. Inwerkingtreding van sekere bepalings.

(2) Goewermentskennisgewing No. R.1801 van 1 Oktober 1976 word geag op 30 Junie 1976 in werking te getree het.

**16.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1977. Kort titel.